NG KERK IN OOSKAAPLAND

NOTULE : AD HOC MODERATUUR : 9 FEBRUARIE 2006

1. OPENING

1.1 Ds Hansie Schutte open met gebed.

2. PRESENSIE

2.1 Teenwoordig:

Ds Hansie Schutte - Voorsitter
Dr Chris van Wyk - Onder-voorsitter
Dr Schalk du Toit - Aktuarius
Ds Danie Mouton - Skriba

3. SAKE VERWYS VANAF DIE SINODALE KOMMISSIE 2005-11-24

3.1 Kommentaar op die buitengewone sinode 2005 - pt 6.3.10.4.2

3.1.1 Aanbeveel dat ds Hansie Schutte in gesprek met broer Lucien Theron tree, tesame met een van die ringsleraars, verkieslik ds Willie van Zyl.

3.1.2 Aanbeveel dat die lede van die moderatuur die ringsleraars van Queenstown ontmoet in ‘n afsonderlike gesprek net na afloop van die voorgestelde beraad op 21 April te Queenstown. Skriba reël dit via die ringskriba.

3.2 UITKOOP VAN TYD

3.2.1 Punt 6.1 van die Notule van die Teologiese Beplanningsdag (2006-01-19), Uitkoop van Tyd, het betrekking.

3.2.2 Aanbeveel dat die uitkoop van tyd verder gevoer word deur ‘n groter proses waarin alle personeel van die sinode, en ander sinodale funksionarisse (wat kwalifiseer vir die uitkoop van tyd) deur ‘n personeelverbintenis-proses gefasiliteer word. BUVTON kan hiervoor genader word.

3.2.3 Voorgestelde datums: Minstens drie dae van fasilitering is nodig, versprei oor sowat 30 dae. Dit geskied in ‘n eilandsituasie.

3.2.4 Befondsing: Die DA word versoek om ‘n begroting op te stel en die moontlikheid te ondersoek om dit uit reserwefondse te befonds.

3.2.5 Motivering: Dit is standaardpraktyk dat ‘n werkgewer, soos die Sinodale Kommissie, van tyd tot tyd hierdie prosesse onderneem om te verseker dat die funksionering in voeling bly met die sinode se roeping en veranderde eksterne omstandighede.

3.3 Skrywe Ring van Humansdorp: Permanente uitbreiding BNet en NN

3.3.1 Die aanbevelings oor die uitkoop van tyd (pt 3.2) spreek ook hierdie saak aan.

4. VERGADERING UK KONVENT VIR EENHEID : 27-28 FEB 2006

4.1 Sakelys vir die vergadering

4.1.1 Die vorsitter en skriba handel die sakelys af.

5. ANDER SAKE

Geen

6. AFSLUITING

Die vergadering verdaag 10:45